Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

**DAGBOEK VAN OSKAR HINTRAGER, gepubliseer in die Christiaan de Wet-annale (deel 2). Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 1973, pp 170 (met afbeeldings).**

Dr Oskar Hintrager (1871-1960), was 'n Duitse regsgeleerde wat, nadat die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 uitgebreek het, soos baie ander pro-Boere in Europa besluit het om as vrywilliger aan die oorlog deel te neem. Sy keuse was die Vrystaatse Artillerie en op 1 Mei 1900 het hy in Lourenço Marques aangekom, na Pretoria afgereis, meer as 'n maand in die Zuid-Afrikaansche Republiek vertoef en daarna na Frankfort (OVS) vertrek. Sy dienste is deur die Vrystaatse regering te velde aanvaar en daarna was hy ongeveer vier maande met die Vrystaters in die veld. Sowel in die Oranje-Vrystaat as tydens genl Christiaan R. de Wet se ekspedisie in Transvaal het hy die oorlogsgebeure van naby aanskou. In September 1900 het dr Hintrager na sy vaderland teruggekeer, 'n werksame aandeel in die pro-Boerbeweging in Duitsland geneem en dwarsdeur sy lewe in die wel en weë van Suid-Afrika en die Afrikaners bly belangstel. Van 1905-1914 het hy amptelike werksaamhede in Duits Suidwes-Afrika verrig en, na sy aftrede, het in 1952 sy **Geschichte von Süd Afrika** en twee jaar later sy publikasie **Südwestafrika in der deutschen Zeit** die lig gesien.

'n Gedeelte van sy dagboek is in 1902 sowel in Duits as in Nederlands gepubliseer, terwyl die res in 1949 gevolg het. Die manuskrip berus in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein.

**Skerp Waarnemer. Swakhede.**

Wat die leser veral hierdie dagboek tref is die skerp waarnemingsvermoë waaroor dr Hintrager as 'n metodiese denker en 'n opgeleide Duitse militêr beskik. Hy het, teen hierdie agtergrond, die krygsorganisasie en operasies van die Boere gemeet, geoordeel en — waar hy dit nodig geag het — veroordeel. Die maatstawwe wat hy in dié verband en teen die reeds geskets agtergrond toegepas het, was die volgende:

a. Die oorlogservarings in Suid-Afrika toon die ondoeltreffendheid van 'n sogenaamde volksleër en die ernstige tekortkomings in 'n demokratiese leëropset aan.

b. Die volksleër se swakheid is verder dat die aanvoerders deur die ondergeskiktes gekies word. Dikwels lei hierdie gewoonte tot verontagsaming van die deurslaggewende faktor van militêre bevoegdheid en die gebiedende eis van onafhanklikheid van bevelvoerders ten opsigte van hul ondergeskiktes, in hierdie geval die kiesers (pp 60-61).

Teen die agtergrond van die veroordeling van bogenoemde kenmerke van die Boere se militêre stelsel en organisasie moet 'n groot deel van die inhoud van hierdie dagboek gesien word. Maar dr Hintrager was geen eensydige waarnemer nie. Met instemming haal hy 'n berig aan wat deur Douglas Story in die Britse **Daily Mail** geskryf is (p 74, passim) waarin, behalwe dat daar op bogenoemde aspekte gewys is, tewens verklaar is:

> "There are the men who fight and speak little, who see the hoofd laager only as they pass through it on the way to their positions, and who are kept too busily employed with Tommy to contract home — sickness or to quarrel with their generals. There are the men who fought ten days on the kopjes at Pieter's Heights, until they were so worn they fell asleep in the midst of the bombardment and, when the order came to retire, they could not mount their horses. Many were taken as they lay, and all were tottering on the extremest verge of human endurance when they reached the main laagers around Ladysmith."

Daar was burgers wat, terwyl gevegte in hul eie omgewing gewoed het, hul eie besittings opgepas het, die onvermydelike verlofgangers, die pligsgetroues, die hensoppers wat, na hul aanvanklike oorgawe, weer na die Boeregeledere teruggekeer het. Ons ontmoet die twyfelaars, die burgers met humorsin, die bittereinders — die Boere in oorlogstyd.

Ons ontmoet hulle in die omgewing van Lindley (20-6-1900-1-7-1900), in die geveg by Bethlehem (6 - 7-7-1900), by Zuuringkrans (16-7-1900), by Tierbank (19-7-1900) en by

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Schoemansdrif, waar De Wet op 6-8-1900 deur die Britse militêre kordon breek om sy ekspedisie deur Transvaal aan te rang. Op 15-8-1900 trek genl De Wet laer op Kroondal, naby Rustenburg. Daar verneem dr Hintrager dat Staatspresident M. T. Steyn van plan is om Staatspresident S. J. P. Kruger te Waterval-Onder te gaan besoek. Hy vra om saam te gaan omdat hy van geen nut meer vir die Boere-artillerie kan wees nie en om te voorkom dat die pad na Europa oor Delagoabaai afgesny, word.

**Huiswaarts**

Op 26-8-1900 kom dr Hintrager te Waterval-Onder aan op 28-8-1900 volg sy aankoms te Lourenço Marques, vanwaar hy op 10-9-1900 met die **Bundesrath** na Duitsland terugkeer.

**Waardering**

Aan prof dr Oberholster en almal wat by die bewerk en uitgee van hierdie dagboek betrokke was, is 'n woord van dank o.i. van pas. Die teks van die uitgawe munt uit deur 'n hoë mate van leesbaarheid, die geheel is boeiend geskryf en is ongetwyfeld in besonder belangrike aanwins op die gebied van verryking van ons kennis van die betrokke tydperk.

In verband met sy deelname aan die stryd onder genl De Wet verklaar die skrywer:

> "Ek ag my gelukkig dat ek hierdie man leer ken het, onder hom geveg het en op die wyse groot dinge beleef het. So dikwels as ek in sy teenwoordigheid was, het ek die gevoel gehad: dit is waarlik 'n groot mens — hoe eenvoudig hy ook al daar uitsienvoortgebring en getoë deur die grootsheid van omstandighede, die doel en drang van die noodwendigheid . . . Hy sal die Washington van Suid-Afrika wees" (p 116).

Op p 14 (voetnoot 16) is na prof G. A. F. Mohlengraaff verwys. Dit moet wees: Molengraaff (1860-1942). Op p 15 (voetnoot 18) staan A. D. Wolmarans (A. D. W. Wolmarans). Op p 20 (voetnoot 37) is verwys na **De Volkstem**. Dit moet wees **De Volksstem** (voor 1899). Die spoorweg tussen Pretoria en Delagoabaai is in 1895 voltooi (p 21, voetnoot 42). Op p 25 (voetnoot 56) is melding gemaak van I. **Nicholas** van Alphen. Dit moet wees I. **Nicolaas** van Alphen. Op p 24 moet, onder 31 Mei 1900 "eerste fabrieke" verander word in "Eerste Fabrieke". Hierdie paar regstellings kan, ingeval van 'n herdruk, maklik aangebring word. Prof dr J. J. Oberholster het die leesbaarheid van die werk aanmerklik verhoog deur meer as 300 voetnote aan te bring. Van belang is ook die beskrywing en ontleding "Die twee skermutselinge van C. R. de Wet op 19 Julie 1900" (pp 147-160) van die hand van F. Pretorius.

'n Besonder bruikbare register sluit die waardevolle publikasie af.

— Jan Ploeger.